KATOEN COTTON SA

Volume 22 No. 3
September **2020**

A Cotton SA publication for the cotton industry of Southern Africa

www.cottonsa.org.za | R26,85 including 15% VAT

THE EARLY SEASON EDITION

- Ken die katoenstrukture
- GMO-katoen styg uit bo GMO-mielies
- Responsible pesticide use
- Oesopbrengs en daggrade
- The South African Cotton Blend Mark

Built to run acre after acre.

Our non-stop harvesting solution for increased productivity and uptime in each pass. The new **CP690 Cotton Picker** and **CS690 Cotton Stripper** - helping you to clothe the nation.

Contact your nearest dealer today.

Our machines can be specified according to your needs.

JOHN DEERE

*Terms and conditions apply. (available at www.deere.com/sub-saharan)
www.deere.com/sub-saharan | africa@johndeere.com | Customer Care: 0800 983 821

JohnDeereAfrica

Hennie Bruwer
HUB: Katoen SA
CEO: Cotton SA

BEPERKENDE GROEIFAKTORE

Katoenproduksie in Suid-Afrika het sedert 2014 goeie groei getoon en dit kan toegeskryf word aan verhoogde winsgewendheid asook herstelde sakevertroue in die bedryf. Vaste investering van honderde miljoene rande in oes- sowel as pluiskapasiteit het groei verder ondersteun.

Huidige produksie toon 'n afname teenoor die vorige seisoen en kan onder andere toegeskryf word aan laat reën in meeste van die droëlandstreke en beskikbaarheid van saad tydens die plantperiode asook nuwe pluiskapasiteit wat op dreef moes kom. Die inkrimping van die globale ekonomie as gevolg van COVID-19 het ook verdere druk op die kontantvloei van boere geplaas, aangesien katoenuitvoere nie op die geskeduleerde grondslag kon plaasvind nie.

Deur die knelpunte uit te skakel, kan verhoogde produksie en groei weer aangemoedig word. Beter kommunikasie, groter deursigtigheid en verbeterde kontantvloei van die produsent is aspekte wat aangespreek moet word. Voorts moet beter samewerking in die bedryf nagestreef word ten einde bestaande verwerkingskapasiteit beter te benut. Deur die verpoeling van infrastruktuur kan verhoogde koste-effektiwiteit ontsluit word, wat tot voordeel van elke deelnemer in die bedryf sal wees.

Die katoenbedryf is een groot familie en saam is ons sterker. Laat ons saamstaan om deur vennootskappe die bedryf tot groter hoogtes te neem!

LIMITING GROWTH FACTORS

Cotton production in South Africa has shown good growth since 2014, which can be attributed to increased profitability as well as restored business confidence in the industry. Fixed investment of hundreds of millions of rands in harvest as well as ginning capacity further supported growth.

Current production shows a decrease compared to the previous season and this can be attributed to late rain in most of the dryland regions and availability of seed during the planting period as well as anticipated ginning capacity that did not realise in time. The contraction of the global economy due to COVID-19 also put further pressure on the cash flow position of farmers in that cotton exports could not take place on a scheduled basis.

By eliminating the bottlenecks, increased production and growth can be encouraged again. Better communication, greater transparency and improved cash flow of the producer are issues that need to be addressed. Furthermore, greater collaboration in the industry must be pursued to make better use of existing processing capacity. By pooling infrastructure, increased cost-effectiveness can be unlocked, which will benefit every participant in the industry.

The cotton community is a family and we are stronger together. Let us stand together to take the industry to greater heights through partnerships!

CONTENTS

+27 (0)12 804 1462
PO Box 912232, Silverton,
Pretoria 0127, South Africa
www.cottonsa.org.za

Subscriptions
Tobie Jooste
+27 (0)12 804 1462
enquiries@cottonsa.org.za

Agri Connect publishing team
Manager Leza Putter
Copy editor Michele van Loggerenberg
Lead designer Sulizna McDonald

Advertising & rates
Soekie du Toit
+27 (0)12 843 5709
soekie@agriconnect.co.za

Tersia Botes
+27 (0)73 307 9093
tersia@agriconnect.co.za

Ilse Liveris
+27 (0)12 843 5717
ilsel@agriconnect.co.za

Accounts
Charlene Bam
+27 (0)12 843 5703
charlene@agriconnect.co.za

Printers
Jetline, Johannesburg
+27 (0)11 493 7232

Contributors
Hennie Bruwer henniebruwer@cottonsa.org.za
Dr Annette Bennett annette@cottonsa.org.za
Gert Klindt gert@cottonsa.org.za
Helena Claassens helena@cottonsa.org.za
Tanya Aucamp tanya.aucamp@gmail.com
Calvin Knight calvin@cottonsa.org.za
Jurie Steyn steynhj@webmail.co.za
Dr Tilla vd Westhuizen TillaP@arc.agric.za
Dr Gerhard Verdroon gerhard@croplife.co.za

KATOEN COTTON SA
is published quarterly by Agri Connect (Pty) Ltd

Cover image kindly supplied by John Deere.

OUTLOOK ON TEXTILES

by Helena Claassens and Dr Annette Bennett,
Cotton SA (ICAC, shortened and amended article)

COTTON OR POLYESTER?

The COVID-19 pandemic warrants community protection through personal protective equipment (PPE) that commonly includes a face mask. By early May 2020, wearing face masks was made mandatory for the general public. In developing and least-developed countries, face masks are either in short supply, inaccessible or unaffordable for the poor, who are in the majority. However, fabrics made of cotton, polyester and their blends are widely available to make home-made non-medical face masks that are also cost-effective and washable. In South Africa, there is a huge drive to manufacture masks. Clothing factories have shifted their focus to the making of masks. Many entrepreneurs have come to the fore to make and sell masks and many welfare organisations have mobilised homeless and jobless people to help make masks for schools and homes.

Surgical masks and non-medical face masks have been found to be effective in preventing the transmission of SARS-CoV-2 in aerosols by more than 95%. The wearing of a face mask outdoors in Beijing during the occurrence of the 2003 SARS virus was associated with a 70% reduction in risk of getting infected, when compared to not wearing one. PPE such as face masks could play a key role in minimising the contagion.

Polyester, a synthetic fabric with its origin in petroleum, is one of the world's most popular fabrics. It has formed the basis on which many products were manufactured during the Second World War. Among allied forces there was a demand for the making of parachutes from polyester. Polyester was preferred because it does not shrink or wrinkle easily. For this reason, polyester is blended with cotton, to make a fabric that shrinks or creases less than others. Polyester, however, contributes to



Polyester fabric: a diagram showing how virion-aerosol droplets remain on the hydrophobic fibres and still survive.



Cotton fabric: a diagram showing how virion-aerosol droplets are absorbed and then desiccate and dry.

environmental pollution, due to the durability of the synthetic fibres. Polyester is one of the most prolific synthetic fabrics in the world today and clothing without any synthetic fibres is hard to find. The consumer wants to know which is best for do-it-yourself (DIY) masks: cotton or polyester?

According to the International Cotton Advisory Council (ICAC), cotton is the fabric of choice. It is absorbent, cool to wear and easy to work with. Cotton appears to have specific filtration advantages over synthetic fabrics like polyester because of its unique physical, chemical and antimicrobial properties. Tests conducted with 22 gram-positive bacteria on five different hospital fabrics showed that 100% cotton was found to be far superior to cotton/polyester blends or 100% polyester, in preventing the survival and spread of pathogens. Mounting scientific evidence supports cotton for being the preferred choice showing protection against a wide range of harmful microbial pathogens, including corona viruses such as SARS-CoV-2.

In addition, cotton demonstrates filtration efficiency, pathogen obstruction, breathability and comfort. This is due to its unique physical, chemical and iso-electric properties, which make cotton fibres superior to synthetic fibres such as polyester and nylon.

Cotton absorbs, dehydrates and deactivates. The special properties of cotton cause a stronger attachment of virions to its fibres, followed by deactivation due to dehydration. Cotton's hydrophilicity is detrimental to virions.

The survival of pathogens and virions is higher on synthetic fibres compared to cotton. As a result, a cotton-based face mask will outperform masks made out of synthetic fibres like polyester, particularly in the case of enveloped viruses like SARS-CoV-2. The median viral loads after coughs without a mask, with a surgical mask and with a cotton mask were 2,56 log copies/ml, 2,42 log copies/ml, and 1,85 log copies/ml respectively. This indicates that a cotton mask is better than a surgical mask in filtering the SARS-CoV-2 virions. Among 15 different types of fabrics tested for filtering aerosol nanoparticles, cotton performed better than silk, chiffon, flannel, and various synthetics and their blends.

Government agencies in India and the USA have recommended using fabric of tightly woven cotton fibres, such as quilting fabric, cotton sheets or T-shirt fabric, for the making of DIY non-medical masks.

Compared to the smooth texture of synthetic fibres, cotton fibres have a rough surface with numerous nano-sized pores that may serve as anchors for adsorption and adherence of nano-sized virions. This is complemented by adhesion hysteresis, which is defined as the difference between the energy needed to separate two surfaces and that which originally brought them together. These properties may contribute to the superior performance of cotton in filtering out virions relative to synthetic fibres.

Cotton fibres are amenable for coating with nanoparticles, which makes them antimicrobial. Cotton cloth coated with nanometals such as nanosilver, nanozinc, nanocopper, etc., makes a smart fabric with antimicrobial properties. Nanocopper-coated cotton fibres showed a broad-spectrum antimicrobial effect and anti-influenza biocidal activity with clear breathability and no depletion in antimicrobial activity after being washed. Highly cleaned and sterile unbleached cotton was found to have constituents that are beneficial to the haemostatic and inflammatory stages of wound healing. These properties were further strengthened by impregnation of nanometals.

SARS-CoV survives longer in an infective form on synthetic fibre-based disposable gowns than on cotton gowns. The recovery efficiency (RE) of 2,3% to 3,0% for the MS2 virus from polyester is significantly higher than the 0,03% to 0,3% from cotton.

Of the eight cloth materials tested, 100% cotton had the highest virus-blocking efficiency compared to cotton blends and 100% polyester. Five pathogenic fungi survived significantly longer (19,5 days) on 100% polyester, spandex, polyethylene and polyurethane but survived for less than five days on 100% cotton and cotton blends.

Pure cotton and cotton blends filter 50,85% to 72,46% of the virions, and 100% cotton is recommended as the most suitable household material for the preparation of non-medical face masks.

Cotton fibres are natural and biodegradable and should be the fibre of choice, especially for disposable items that can safely be discarded without causing an environmental hazard.

For the full article, citations and references visit the ICAC website: **icac.org**



COTTON SA MARKET REPORT

by Hennie Bruwer and Helena Claassen, Cotton SA

LOWER WORLD COTTON PRICES EXPECTED IN 2020/21

INTERNATIONAL OUTLOOK

With falling demand, global cotton prices have declined in 2019/20. The season average of US71,3 cents per pound represents the third consecutive season of declining cotton prices. The sharp decrease in global consumption coupled with a global increase in production have put pressure on prices in 2019/20.

The global COVID-19 pandemic decreased the demand for cotton. Cotton spinners, textile and clothing manufacturers have had to reduce their activities as a result of few orders to fill.

It is projected that economic activity and consumer demand could increase due to lower cotton prices and that global economic growth should materialise. This could lead to a recovery in cotton consumption in the 2020/21 season.

Cotton consumption for 2020/21 is estimated to be 24,3 million tonnes, a 5% increase from the previous season. Cotton production for 2020/21 is projected at 25,05 million tonnes, a 5% decrease from the previous season.

The decline in production is due to a global area decrease of two million hectares. The decrease in hectares is the result of the COVID-19-induced economic crisis. Farmers in West Africa and Egypt are likely to change to planting food crops instead of fibre crops. Cotton production in India is expected to be lower based on a reduction in hectares to be planted with cotton. The American crop is expected to be lower based on the drought conditions in Texas.



World cotton balance sheet	Aug–Jul	2020/21	
	2019/20	July	August
	Million metric tonnes lint		
Beginning stocks	18,72	21,96	21,99
Production	26,16	24,77	25,05
Mill – use	22,70	23,85	24,34
Ending stocks	21,99	22,88	22,71
Stocks/use (excl. China)	83%	87%	83%

Quotes in US cents per pound	Today (01/09/20)	Season low	Season high	One year ago	Two years ago
Current Cotlook A Index	70,85	68,20	71,60	70,15	92,15
NY Futures Nearby Contract[a]	64,41	61,84	65,16	59,05	82,31
Basis[b]	6,44	6,34	6,87	11,10	9,84
2020/21 average to date	69,99	[a]Previous day's close			
2019/20 average	71,33	[b]Current A Index minus Nearby NY (previous close)			

Source: Cotlook Ltd.

The low cotton prices and excess supply with smaller demand for lint have also minimised export opportunities for major exporters.

INTERNATIONAL COTTON PRICES

The price projection for the 2020/21 year-end average of the Cotlook A Index is US70,85 cents per pound this month.

LOCAL OUTLOOK

The eighth estimate for the 2019/20 production year indicates a local cotton crop of 139 047 lint bales, 1,4% up from last month's estimate due to better than expected yields in the case of dry land production. Domestic consumption of locally produced cotton from April to July is 39% less than the same period the previous year, while consumption of imported cotton is 87% less than the corresponding period the previous year.

Seed availability, restructuring of ginning capacity and unfavourable growing conditions at the beginning of the planting season,were the main reasons for lower plantings in 2019/20. The lower demand for lint and the strict lockdown regulations that limited local interprovincial travel and local trade, have stimulated the increase in lint export opportunities for the year under review. Consequently, it will be the second consecutive year for South Africa to be a net exporter of cotton lint.



SA crop 200 kg lint bales	2019/20 8th estimate	2019/20 7th estimate	2018/19 final estimate
Ha – irrigation	11 750	11 251	22 765
Ha – dryland	17 221	17 419	16 020
Total ha	28 971	28 670	38 785
Yield: kg seed cotton per ha			
Irrigation	4 473	4 602	4 506
Dryland	1 171	1 156	967
Total lint bales	139 047	137 163	218 430

NUUS / NEWS

KEN JOU LEIERS

LEONARD VENTER, DIE VOORSITTER VAN KATOEN SA

Leonard is nie net 'n voorloper in die bedryf nie, hy is ook die grootste droëlandkatoenprodusent in Suid-Afrika. Hy is gebore op 'n familieplaas in die Roedtan-omgewing en was 16 jaar oud toe sy pa, wat ook sy rolmodel was, katoen begin verbou het. Na voltooiing van sy BCom(Rek) (NWU), keer hy terug plaas toe en begin katoen verbou as 'n tweedegeslagboer, reeds op die ouderdom van 24 jaar.

Leonard is 'n groot sportliefhebber en het vir die Pukke sowel as vir die Wes-Transvaal se onder 20-rugbyspanne gespeel. Hy is 'n gesinsman en hy en sy vrou, Lona, 'n voormalige onderwyseres, het onlangs hul 44ste huweliksherdenking gevier. Hulle is trotse ouers van 'n seun en twee dogters en het sewe kleinkinders. Sy seun, Rouan, wat saam met hom boer, is die derde geslag van Venter-boere. Sy grootste uitdaging tydens die COVID-19-grendeltyd was dat hy geïsoleerd was van sy geliefdes.

Leonard is bekend vir sy nederigheid, sy sterk waardestelsel en sy deursettingsvermoë. Hy het 'n passie vir die bedryf en is reeds vir meer as 40 jaar lank betrokke by die groter boerderygemeenskap in leiersrolle in verskeie bedryfsorganisasies. Hy glo in innoverende en volhoubare produksiepraktyke en ondersteun ook produksienavorsing. Hy trap die voetspore van 'n ware landbouer en verstaan die probleme van boere.

Leonard Venter met sy vrou, Lona.

Tydens die Katoen SA-toekenningsfunksie in November 2019 is hy deur die Suid-Afrikaanse Katoen-*cluster* erken vir sy vasberadenheid om die katoenwaardeketting te bevorder. Hy was een van die sleutelrolspelers van die *cluster*-inisiatief, wat bygedra het om die katoenbedryf om te draai deur rolspelers saam te bring onder een geïntegreerde besigheidsmodel, 'n samewerkings-inisiatief van saad tot kledingstuk. Hy is 'n boer in murg en been en op die vraag wat sy gunstelingkos is, antwoord hy sonder huiwering: "pap en vleis".

Oor die toekoms van katoen in Suid-Afrika is hy steeds positief. Hy erken dat daar heelwat uitdagings is wat die bedryf onder die huidige ekonomiese toestand in die gesig staar en dat COVID-19 'n besliste impak op die uitvoer van die vesel het. Getrou aan sy aard bly hy egter optimisties en glo dat die wa weer deur die drif getrek kan word met samewerking en oop kommunikasie.

Antoon Cornelissen.

'N KATOENLEGENDE – ANTOON CORNELISSEN

Antoon het in 1981 by die LNR-IG op Kroondal, voorheen die Navorsingsinstituut vir Tabak en Katoen (NITK), begin werk. Na voltooiing van sy BScHons in genetika en entomologie werk hy tot 1985 as tabakteler op 'n aalwurmweerstandsnavorsingsprogram. As kommunikasiebeampte vanaf 1985 tot 1995 maak hy kontak met die katoenbedryf.

Vanaf 1996 raak hy betrokke by katoenteling, nadat kleinboere op die Makhathini-vlakte ernstige probleme met bladspringers ondervind het. Hy het belangrike werk verrig deur al die bestaande kultivars te plant en te vergelyk met én sonder 'n chemiese beheerprogram. In die onbehandelde kontroles het hy plante geselekteer wat weerstand teen bladspringers getoon het en dan het hy daardie plante verder in 'n telingsprogram gebruik. Daarna het hy 'n ander denkrigting ingeslaan en begin kyk na die haarlengte en groepering van hare op blare (trigome), wat weerstand bied teen bladspringers.

Die nuwe katoenlyne is nie verder kommersieel verbou nie, aangesien produsente begin beweeg het na geneties gemodifiseerde katoen (*Bt*-katoen). Sy navorsing het bygedra tot die huidige denkrigting oor weerstandbiedendheid van kultivars teen bladspringers. Vandag is daar 'n harige GMO-kultivar beskikbaar (voorheen geproduseer deur Deltapine en daarna besit deur Monsanto SA), wat genoem word Paymaster 3225 (PM 3225 BG2RF). Hierdie kultivar word tans vermeerder deur Mahyco en veral deur kleinboere geplant aangesien dit weerstand bied teen bladspringers.

Vanaf 2003 was hy betrokke by kleinboeropleiding saam met George Mabula. Antoon het in 2014 in die Kaap afgetree. Tans is Antoon nie te gesond nie, en hoewel dit blyk dat hy die stryd teen een soort kanker so te sê gewen het, voer hy nou 'n dappere stryd teen ander tipes kanker. Die bedryf bedank Antoon vir sy bydraes om katoen te bevorder en wens hom sterkte toe.

THIRD GENERATION TECHNOLOGY

Due to the COVID-19 pandemic and other factors, the process to get permission from the patent holder and to apply to government authorities for the deregulation trials for access to third generation *Bt*-technology, has been delayed. These technologies include Bollgard 3® and Xtend Flex®. The industry will continue to have in-depth conversations with relevant parties for access to new varieties that can increase hectarages and crop yields, especially for dryland producers.

CANDIA-SAAD

Cotton Seed Enterprises (CSE) is in Januarie 2020 gestig. Die maatskappy het twee vennote, Callie Kruger, besturende direkteur, en Beni Letebele, direkteur van besigheidsontwikkeling. Kruger het sedert 2014 namens Bayer die variëteit Candia BGRF in Suid-Afrika gevestig en nou betrokke geraak by katoen in Suid-Afrika en op internasionale vlak. Letebele is vir die afgelope ses jaar betrokke in die katoenwaardeketting, gefokus op die plaaslike mark en die ontwikkeling van katoen as die mees gesogte vesel in die klere- en tekstielbedryf.

CSE het die lisensie bekom vir die genetiese materiaal wat die volgende kenmerke of "traits" bevat, naamlik Bollgard II en Roundup Ready Flex, van Bayer. Daarmee saam is ook die lisensie vir die variëteit Candia vanaf Cotton Seed Distributors (CSD) in Australië bekom, en gevolglik het CSE die alleenreg om Candia BGRF te vermeerder, prosesseer en te verkoop.

CSE gaan vanjaar 'n kontrak sluit met ontveselingsaanlegte en beplan om teen einde September Candia-saad beskikbaar te stel. CSE streef daarna om kwaliteitsaad aan die produsent te verskaf.

Vir enige navrae, kontak Callie Kruger by 072 986 4244.

CSE
COTTON SEED ENTERPRISES



Sterkfontein Dam.

CURRENT DAM LEVELS FOR SOUTH AFRICA

South African Weather Service report as on 24 August 2020

Dam	River	Full storage capacity (million cubic meter)	This week (% full)	Previous year (% full)
Bloemhof Dam – Free State	Vaal River	1 240,2	96,5	96,7
Boegoeberg Dam – Northern Cape	Orange River	19,8	105,0	102,1
Douglas Weir – Northern Cape	Vaal River	16,3	107,8	106,3
Flag Boshielo (Arabie) Dam – Limpopo	Olifants River	83,3	96,9	85,2
Gariep Dam – Free State	Orange River	5 196,0	83,3	85,2
Grootdraai Dam – Mpumalanga	Vaal River	349,5	79,4	62,9
Hartbeespoort Dam – North West	Crocodile River	186,4	97,6	100,1
Katse Dam – Lesotho	Malibamatso River	1 519,1	27,7	18,2
Kalkfontein Dam – Free State	Riet River	325,1	21,5	27,9
Krugerdrift Dam – Free State	Modder River	71,5	97,7	95,7
Loskop Dam – Mpumalanga	Olifants River	56,9	99,7	84,2
Marico-Bosveld Dam – North West	Groot Marico River	27,0	43,9	13,7
Pongolapoort (Jozini) Dam – KwaZulu-Natal	Pongola River	2 267,1	41,5	44,0
Rhenosterkop Dam – Limpopo	Elands River	204,6	1,6	1,5
Spitskop Dam – Northern Cape	Harts River	57,8	98,2	76,7
Sterkfontein Dam – Free State	Nuwejaarspruit River	2 616,9	93,9	92,2
Taung Dam – North West	Harts River	61,4	96,0	88,9
Theewaterskloof Dam – Western Cape	Sonderend River (tributary Breede River)	480,2	85,0	71,6
Vaal Dam – Free State	Vaal River	2 603,5	38,8	61,3
Vaalharts Weir – North West	Vaal River	50,8	79,2	86,9
Vanderkloof Dam – Free State	Orange River	3 171,3	92,7	87,0

KEN DIE KATOEN-STRUKTURE

SUID-AFRIKAANSE KATOENPRODUSENTE-ORGANISASIE (SAKPO)

Vir die produsent is die ordelike raamwerk waarbinne hy katoen produseer belangrik. Daarom is strukture deur aktiewe rolspelers in die bedryf geskep om die boer te ondersteun en kollektiewe eenheid te bevorder.

Vervolgens is SAKPO aan die begin van 1998 gestig. Hierdie organisasie tree op in belang van die produsent en verteenwoordig die hoogste gesag binne die katoenbedryf, met volle outonomie in huishoudelike sake, asook sake wat katoenproduksie raak.

Die SAKPO-bestuur word op 'n federale basis saamgestel uit verteenwoordigers vanuit die verskillende gebiedsbesture, met inagneming van geografiese verspreiding en produksie in die verskillende streke/provinsies. Produksiestreke/provinsies word op grond van die produksievolume op die SAKPO-bestuur verteenwoordig en word elke twee jaar hersien.

Befondsing van die struktuur geskied by wyse van vrywillige bydraes en Katoen SA hanteer die Sekretariaat en uitvoering van besluite. Verteenwoordiging per provinsie sien tans as volg daar uit: Limpopo – vier lede; Mpumalanga – een lid; Noord-Kaap, wat Benede-Oranje en die Vrystaat insluit – vier lede; KwaZulu-Natal – een lid; en Noordwes – een lid.

SAKPO-lede gee terugvoer uit hul streke aan die bestuur met die fokus op sake van gemeenskaplike belang. SAKPO speel 'n baie belangrike rol in die bedryf om sake van gemene belang te bevorder, soos byvoorbeeld produksiegerigte navorsing tot voordeel van die produsent en die bedryf. SAKPO fasiliteer:

- volhoubare landbou;
- opleidingsaksies;
- transformasie;
- bemiddeling van produksie- en tegnologie-vooruitgang;
- verhoudingsbestuur tussen rolspelers;
- oordrag van inligting; en
- kollektiewe bedinging vir die produsent.

SAKPO dien ook as die mondstuk vir die katoenprodusent in Suid-Afrika.

SAKPO
South African Cotton Producers' Organisation
Suid-Afrikaanse Katoenprodusente Organisasie

KATOEN SA NWO

Daarteenoor is Katoen SA 'n nie-winsgewende kommoditeitsorganisasie, wat namens die hele katoenbedryf optree en 'n statutêre heffing invorder ter befondsing van die administrasie van die wetlike maatreëls ingevolge die Nasionale Landbouproduktebemarkingswet (Wet nr. 47 of 1996). Katoen SA is verteenwoordigend van die verskillende sub-sektore betrokke in die katoenbedryf – vanaf die boer tot die klere-kleinhandelaar.

Katoen SA se enkele hoofbron van inkomste is statutêre heffings wat deur ander nie-heffingsinkomstestrome aangevul word. Katoen SA bevorder samewerking met die regering en organisasies op plaaslike sowel as internasionale vlak en het geen rol te speel in die bemarking en/of vasstelling van katoenpryse nie.

Die missie van Katoen SA is die bevordering van 'n gesonde katoenekonomie en word ondersteun deur die lewering van ooreengekome bedryfsfunksies. Katoen SA dien as 'n verrekeningspunt vir:

- tegniese inligting met betrekking tot katoenproduksie en -verwerking;
- die bewusmaking van opkomende kwessies;
- die verskaffing van inligting rakende die oplossing van probleme; en
- die bevordering van samewerking om gemeenskaplike doelstellings te bereik.

Deur alle segmente van die bedryf bymekaar te bring, verrig Katoen SA 'n unieke rol as katalisator vir konstruktiewe verandering en as opleidingsmedium vir sy lede en werknemers. Die bedrysfunksies wat Katoen SA verrig, is die volgende:

- Die versameling, verwerking en verspreiding van bedryfsinligting ter ondersteuning van ingeligte besluitneming deur belanghebbendes.
- Bestuur van 'n internasionaal-geakkrediteerde graderingslaboratorium om die katoenbedryf met die bes moontlike inligting ten opsigte van die oeskwaliteit vir die suksesvolle bemarking en verwerking van katoen te voorsien.
- Koördinering en befondsing van saad-, produksie- en produknavorsing en verskaffing van voortspruitende tegniese ondersteuning.
- Die implementering en monitering van volhoubare produksiepraktyke/-programme.
- Bevordering van produksie en die bewusmaking van katoen en sy vele gebruike.
- Vaardigheidsopleiding sowel as projekbestuur van ontwikkelingsprojekte om transformasie en inklusiewe groei te bevorder.
- Dien as forum vir die bedryf, waar sake van algemene belang bespreek word.

Die Raad van Katoen SA maak voorsiening vir nege lede, wat ook as direkteure dien en wat volgens die volgende sub-sektore op nasionale vlak verteenwoordig word:

- Vier kommersiële produsente waarvan een swart boere verteenwoordig
- Een verteenwoordiger vir pluismeulevereniging
- Een verteenwoordiger vir katoenspinners
- Een verteenwoordiger vir huishoudelike en tekstielvervaardiging
- Een verteenwoordiger vir verbruikers
- Een verteenwoordiger vir arbeid

Die Suid-Afrikaanse katoenbedryfsorganisasies

KATOEN SA	SAKPO
Nie-winsgewende organisasie	Produsenteorganisasie
Verteenwoordig die totale katoenwaardeketting	Verteenwoodig die katoenprodusente
Befondsing: statutêre heffing	Befondsing: vrywillige bydraes
Permanente personeel: 10	Personeel: geen (Katoen SA gekontrakteer vir uitvoering van besluite)
Samestelling: 9 direkteure en 2 addisionele gekoöpteerde direkteure	Samestelling: 11 lede verteenwoordigend van al die produksiegebiede in die onderskeie provinsies
PRIMÊRE FUNKSIES	PRIMÊRE FUNKSIES
• Nasionale en internasionale skakeling • Bevordering van produksie en gebruike van katoen • Lewering van inligtingsdienste • Kwaliteitsbeheer en opleiding • Koördinering en finansiering van produksienavorsing, tegnologie en saad • Kleinboerontwikkeling en opleiding (transformasie) • Volhoubare produksie (BCI) • Industrieforum	• Produsenteforum/mondstuk vir produsent • Bevordering van: - eie en ordelike bemarking - winsgewende produksie - studiegroepe - waardetoevoegingsmoontlikhede • Kollektiewe bedinging ten opsigte van produksiekoste, saad en tegnologie • Nominasie van produsenteverteenwoordigers op bedryfs-, staats- en verwante liggame

GMO-KATOEN
styg uit bo GMO-mielies

Katoen SA in samewerking met GWK



'n Vergelyking van katoen- en mielieproduksie onder droëland en besproeiing in die GWK-pluismeulegebied, dui die voordeel aan wat katoen vir die produsent inhou. Belangstelling in katoen as opsionele gewas is besig om te ontwikkel in areas soos Schweizer-Reneke/Mareetsane en in besproeiingsgebiede van die Benede-Oranjerivier (Groblershoop-, Upington- en Keimoes-areas), asook Douglas en Luckhoff. Derhalwe is dit hiér waar produsente tans keuses van rotasiegewasse tussen lusern, koring, soja, mielies en katoen moet maak.

Die aantal hektaar geplant onder katoen vir die 2018/19-seisoen was 38 785 ha (22 765 ha onder besproeiing en 16 020 ha onder droëland). Dit verteenwoordig 'n grootskaalse groei in katoenaanplantings sedert 2010, toe produksie by 'n laagtepunt van 5 000 ha gedraai het. Katoen is 'n uitstekende keuse as alternatiewe gewas in marginale areas vir droëlandmielies in die Noordwes-streek. Die belangrikste geografiese areas vir katoen (2018/19) het Limpopo (23 641 ha), Noord-Kaap (6 177 ha), en Noordwes (4 289 ha) ingesluit. Die uitbreiding van katoenproduksie gedurende dié seisoen kan toegeskryf word aan verbeterde uitvoermarkte en 'n hoër prys vir katoenvesel in vergelyking met ander kommoditeite.

Katoen is 'n voorkeurgewas aangesien dit oor 'n diepgroeiende penwortel beskik wat enige diepliggende water in die grondprofiel kan bereik. Produsente in die droëlandgebiede van Noordwes is besig om produksiepraktyke te verfyn. Hulle poog om saadontkieming, plantestand en vestiging van katoensaailinge onder winderige toestande te bemeester. Katoen blyk in dié gebiede 'n goeie alternatief te wees teenoor ander gewasse soos mielies. Onderstaande syfers wys die verskil in insetkoste en winsmarge tussen GMO-katoen en GMO-mielies onder droëland- en besproeiingstoestande soos verskaf deur GWK (Tabelle 1 en 2).

Die winsmarge vir katoenproduksie onder droëlandverbouing is ongeveer R2 619/ha terwyl dit onder besproeiing in die omgewing van R11 378 is, wat aansienlik hoër as droëlandverbouing is (Tabelle 1 en 2).

Katoenproduksie in Suid-Afrika het sedert die 2014/15-seisoen 'n toename getoon tot bykans 39 000 ha, wat in die 2018/19-seisoen geplant is. Alhoewel die aantal hektaar onder katoenproduksie die afgelope seisoen weens twyfel in saadsekerheid en beskikbare oeskapasiteit afgeneem het, vertoon katoen tans goed teenoor mielies wat netto winsmarges per hektaar betref. Katoen word beskou as een van die mees kompeterende somergewasse, veral in droëlandgebiede.

Tabel 1: Insetkoste van droëlandkatoen in die Griekwaland-Wes-koöperasiestreke (insluitend die Noord-Kaap en droëlandstreke van Noordwes).

Gewas	Publikasies	Prysdatum		Katoen – droëland (ton)	
Katoen – droëland	Winter 2020	2020-07-15		1,50	
Inkomste					
Produknaam	Produkhoeveelheid	Maat-eenheid	Prys	Maat-eenheid	Produkkoste
Katoen – droëland	1,50	Ton	8 980,00	R/ton	R13 470
Brutoproduksiewaarde					R13 470
Uitgawes					
Saad	5,00	kg/ha	204,82	R/kg	R1 024
Bemesting – makro-elemente	1,00	Ha	1 091,62	R/ha	R1 092
Bemesting – mikro-elemente	1,00	Ha	214,86	R/ha	R215
Brandstof (diesel)	67,84	liter/ha	11,82	R/liter	R802
Diesel (plukker)	10,00	liter/ha	11,82	R/liter	R118
Onkruiddoder	1,00	Ha	228,90	R/ha	R229
Insekdoder	1,00	Ha	710,90	R/ha	R711
Swamdoder	1,00	Ha	0,00	R/ha	R0
Chemie – ander	1,00	Ha	191,60	R/ha	R192
High Boy-spuit	6,00	bespuitings	190,00	R/ha	R1 140
Versekering – katoen	13 470,00	rand	8,00	%	R1 078
Katoenplukker – droëland	1,00	Ha	2 137,50	R/ha	R2 138
Plastiekbedekking – saadkatoenbaal	0,65	Bale	680,00	R/baal	R439
Vervoer – katoen	1,50	Ton	174,90	R/ton	R262
Meganisasie – herstel en onderhoud	1,00	Ha	900,76	R/ha	R901
Katoenbemarkingskoste – statutêr en SAKPO	1,50	Ton	80,00	R/ton	R120
Totale direkte koste					R10 459
Rente					
Produknaam	Produkhoeveelheid	Maat-eenheid	Prys	Maat-eenheid	Produkkoste
Rente	4 357,86	rand	9,00	%	R392
Totale produksiekoste					R10 851
Marge bo koste					R2 619
Gelykbreekopbrengs/ha					1,21 ton
Gelykbreekprys/ton					R7 234

*Sensitiwiteitsanalise kan by GWK/Katoen SA verkry word.

Tabel 2: Insetkoste van besproeiingskatoen in die Griekwaland-Wes-koöperasiestreke (insluitend die Noord-Kaap en Noordwes).

Gewas	Publikasies	Prysdatum		Katoen – besproeiing (ton)	
Katoen – besproeiing	Winter 2020	2020-07-15		5,50	
Inkomste					
Produknaam	Produkhoeveelheid	Maat-eenheid	Prys	Maat-eenheid	Produkkoste
Katoen – besproeiing	5,50	ton	8 980,00	R/ton	R49 390
Brutoproduksiewaarde					R49 390
Uitgawes					
Saad	12,00	kg/ha	204,82	R/kg	R2 458
Bemesting – makro-elemente	1,00	ha	6 934,84	R/ha	R6 935
Bemesting – mikro-elemente	1,00	ha	547,85	R/ha	R548
Brandstof (diesel)	70,68	liter/ha	11,82	R/liter	R835
Diesel (plukker)	40,00	liter/ha	11,82	R/liter	R473
Onkruiddoder	1,00	ha	228,90	R/ha	R229
Insekdoder	1,00	ha	3 641,30	R/ha	R3 641
Swamdoder	1,00	ha	0,00	R/ha	R0
Chemie – ander	1,00	ha	1 470,02	R/ha	R1 470
High Boy-spuit	6,00	bespuitings	190,00	R/ha	R1 140
Versekering – katoen	49 390,00	rand	8,00	%	R3 951
Katoenplukker	1,00	ha	4 275,00	R/ha	R4 275
Plastiekbedekking – saadkatoenbaal	2,37	bale	680,00	R/baal	R1 608
Vervoer – katoen	5,50	ton	174,90	R/ton	R962
Besproeiing – Eskom	800,00	mm/ha	5,41	R/mm	R4 328
Besproeiing – Waterraad	800,00	mm/ha	1,70	R/mm	R1 360
Besproeiing – skedulering	1,00	ha	85,00	R/ha	R85
Meganisasie – herstel en onderhoud	1,00	ha	901,68	R/ha	R902
Spilpuntkoste – toerusting	1,00	ha	735,00	R/ha	R735
Katoenbemarkingskoste – statutêr en SAKPO	5,50	ton	80,00	R/ton	R440
Totale direkte koste					R36 375
Rente					
Produknaam	Produkhoeveelheid	Maat-eenheid	Prys	Maat-eenheid	Produkkoste
Rente	18 187,51	rand	9,00	%	R1 637
Totale produksiekoste					R38 012
Marge bo koste					R11 378
Gelykbreekopbrengs/ha					4,23 ton
Gelykbreekprys/ton					R6 911

*Sensitiwiteitsanalise kan by GWK/Katoen SA verkry word.

Tabel 3: Opsommende tabel om opbrengste en winsmarge aan te dui (soos op 15 Julie 2020).

Opbrengs	Droëland			Besproeiing		
Gewas	GMO-katoen	GMO-witmielies	GMO-geelmielies	GMO-katoen	GMO-witmielies	GMO-geelmielies
Gemiddelde opbrengs/ha	1,5	5,5	5,5	5,5	13	13,5
Prys (R/ton)	8 980	2 270	2 357	8 980	2 270	2 357
Produksiekoste insluitend rente/ha	10 851	10 640	10 399	36 375	28 962	29 031
Geldwaarde (winsmarge bo koste/ha)	R2 619	1 845	R2 565	R11 378	R548	R2 788

'n Vergelyking van katoen se winsmarge met dié van wit- en geelmielies geproduseer onder droëland, gee 'n verskil van R774/ha in vergelyking met GMO-witmielies, teenoor 'n verskil van R54/ha met GMO-geelmielies. Die werklike voordeel van katoenproduksie teenoor mielies kan gesien word met produksie onder besproeiing. Katoen se winsmarge bo koste teenoor witmielies verskil R10 830/ha terwyl met GMO-geel mielies die verskil R8 590/ha onder besproeiing is (Tabel 3).

Soos produsente daarin slaag om met verbeterde tegnologie te sny op kostes, is die vermoede dat hierdie verskil in winsmarges selfs verder kan vergroot soos opbrengs per hektaar toeneem. Brutomargesyfers vir katoen in ander streke vertoon goed en droëlandkatoen in die Noordwes-hoëpotensiaalgebiede (Mareetsane en Schweizer-Reneke) kan tot soveel as R10 000/ha wees (Figuur 1).

Figuur 1: Vergelyking van bruto marges van katoen tussen streke (BFAP, 2018/19). *Bron:* Data van BFAP verwerk.



GMO-katoen bly vir die produsent, wat produksie van GMO-gewasse verkies, 'n gemaklike keuse om sy risiko teenoor die plant van mielies op droëland te bestuur. Katoen is aangepas om van stres-toestande te herstel wanneer daar te min reën is. Die syfers spreek vanself en katoen bly 'n voortreflike keuse vir die produsent!

GWK (Dup Haarhoff en Nantie Fourie) word bedank vir die verskaffing van produksiesyfers van mielies en katoen vir hul gebied.

TEN COMMANDMENTS FOR RESPONSIBLE PESTICIDE USE

by Dr Gerhard Verdoorn, Croplife South Africa

1. Plan your production season carefully and only buy the pesticides and volumes that you will definitely need. Do not just buy a product because it is offered at a lower price, as it may accumulate only to have to be destroyed at a tremendous cost.
2. Only buy registered pesticides from recognised dealers, preferably agents that are affiliated with CropLife SA distributor companies, to ensure that you buy good quality, legal products. If a pesticide does not display a registration number on the front panel of the label, then it is illegal in South Africa. These registration numbers start with a capital letter L, followed by four numbers, for example L1234, and after that "Act No. 36 of 1947".
3. Store your pesticides in a proper storeroom built with bricks or concrete, a roof, sufficient ventilation, lighting, and a lockable door. Many malicious poisonings happen with agrochemicals that have been stolen from farmers.
4. Study the label of every agrochemical carefully and only apply it according to the prescribed instructions. Regulation No. R1716 of 26 July 1992 warns that the use of an agrochemical for any other purpose or in any other manner

A typical label of a registered insecticide.

than what is prescribed, is a punishable violation of Act No. 36 of 1947.

5. Provide your farmworkers with basic training about the safe and responsible use of pesticides.
6. Supply farmworkers who mix and apply pesticides with protective clothing such as face masks, cloth hats, overalls with long sleeves and long pants, rubber boots, and rubber gloves. Ensure that they always wear their protective clothing, even the tractor operator. It is necessary to protect them from splashes, mists and oral ingestion of pesticides and spray mixtures.
7. Calibrate the spray equipment to apply the correct dosage of pesticides. This includes examining the spray heads to ensure that they are not eroded or blocked. Consult your agrochemical agent for calibration advice.
8. Pesticides must only be applied if weather conditions are favourable. If the south-easter rears its head, or the highveld thunderclouds are about to explode, or if it is so hot that everything evaporates, then it is time to halt pesticide application for a while.
9. Once the pesticide containers are empty, they need to be triple-rinsed with one quarter volume fresh water and the rinse water must be decanted into the spray tank. Containers should be left to dry and afterwards pierced or cut into pieces before handing it over to a CropLife SA-approved collector or recycler. A list of approved service providers is available on **croplife.co.za** as well as guidelines for the management of obsolete pesticide containers.
10. Avoid any malicious misuse of pesticides such as poisoning of animals. Not only is this illegal and inhumane, but it also poses a secondary poisoning risk to other animals. Some species, such as vultures, have already been dealt a huge blow through poisonings.

OESOPBRENGS EN DAGGRADE

saamgestel deur dr. Annette Bennett, Katoen SA

Saadkatoenopbrengs word direk beïnvloed deur die daggrade (dd), oftewel "day degrees", ook bekend as grade hitte-eenhede (ghe), wat oor die seisoen vir die katoenplant beskikbaar is. Die belangrikheid daarvan word weer eens onder die produsent se aandag gebring en gerieflikheidshalwe sal verwys word na daggrade (dd). Om te verseker dat veselrypwording bereik word (wat die verlangde mikronêr, vesellengte en veselsterkte insluit), is 'n voldoende aantal daggrade nodig om katoen suksesvol in Suid-Afrika te verbou. Dit is belangrik om die daggrade te bereken om die lengte van die seisoen vir 'n sekere gebied te bepaal. Saam met 'n konstante minimumtemperatuur van ten minste 17,5 °C en die totale aantal daggrade beskikbaar, bepaal laasgenoemde die geskikste plantdatum en wanneer die katoen geoes kan word.

Die ontwikkeling van die katoenplant se vrugpunte op die vrugtakke hang af van die beskikbare daggrade. Die katoenplant groei ongeveer 150 tot 160 dae. Soos temperature toeneem deur die seisoen, vermeerder die aantal beskikbare sonligure, wat belangrik is vir die rypwording van die vesel. Die produsent moet alles in sy vermoë doen om te verseker dat die aantal daggrade genoeg sal



Figuur 1: Gemiddelde minimumtemperature oor 10 jaar vir die Pongola-gebied.



wees om te verseker dat die katoen sy volle groeiseisoen handhaaf. 'n Totaal van 1 500 daggrade is nodig om optimale opbrengs te verseker. Die minimum daggrade wat nodig is, beloop 1 200 daggrade, maar daggrade moet verkieslik nie onder 1 300 daal onder Suid-Afrikaanse toestande nie (P. MacCaskill). Met die minimum daggrade teenwoordig, is daar reeds 'n oesverlies van tot 25%, maar die produsent kan steeds onder gunstige toestande 'n wins maak.

Tesame met 'n plantdiepte van verkieslik 2,5 cm, is die minimum temperatuur wat heers en die voorbereiding van 'n fyn saadbed met die nodige beskikbare vog die belangrikste faktore om 'n goeie plantestand te verkry.

Dit is belangrik om te onthou dat, tesame met daggrade, die temperatuur waar die produsent katoen wil plant 'n minimum van 17,5 °C moet wees, konstant vir sewe tot tien dae. Volgens MacCaskill, is 15,5 °C die basis- of drempeltemperatuur vir katoen in Suid-Afrika, terwyl die LNR-IG in vorige verslae 16,5 °C noem as die basistemperatuur. Om veilig te wees, word 'n konstante temperatuur van bo 17,5 °C vir suksesvolle ontkieming aanbeveel.

Sodra die daaglikse gemiddelde temperatuur onder die drempel van 15,5 °C daal, staak die plant se groei. Wanneer temperature bo hierdie kritiese drempel styg, verhoog die groei van die plant tot 'n optimale vlak. Optimale groei vind by 30 °C plaas. Die verhouding tussen groeitempo en temperatuur word gebruik om die tydsberekening te bepaal vir die verskeie ontwikkelingsfases van die plant. Die ontwikkelingsfases word oor tyd bepaal deur die akkumulasie van grade hitte-eenhede (ghe), of die aantal daggrade (dd) oor die groeitydperk. Vir dié berekening word die gemiddelde temperatuur oor 24 uur (totaal van die daaglikse maksimum- en minimumtemperature gedeel deur 2) geneem. As die drempel van 15,5 °C vir die groei van katoen daarvan afgetrek word, gee dit die aantal daggrade vir daardie dag. Byvoorbeeld, in 'n geval waar die dagtemperatuur 33 °C is, en die nagtemperatuur 18 °C, is die gemiddeld 25,5 °C. Die drempeltemperatuur van 15,5 °C word daarvan afgetrek om die daggrade vir daardie dag te bereken. Let wel: minder as 6 daggrade is ongunstig vir die plant, 6 tot 8 daggrade is marginaal, en 9 tot 11 daggrade is aanvaarbaar. Meer as 11 daggrade per dag is ideaal. Die totale aantal daggrade word dan bymekaargetel om te sien of die produksiestreek voldoen aan die minimum vereistes van meer as 1 300 daggrade vir die totale groeitydperk. Die klimaat kan heelwat verskil tussen gebiede en die daggrade moet verkieslik vir elke plaas bereken word.

Katoen SA poog om vir elke streek die geskikste plantdatum voor te stel op grond van historiese data van die afgelope 10 jaar, asook om die totale daggrade te bereken. Dit word dan in die vorm van 'n kort verslag vir die produsent beskikbaar gestel. Beskikbare inligting sluit ook 'n grafiek in wat die geskikte planttyd aandui. As voorbeeld word die Pongola-gebied hier gebruik (Figuur 1).

Figuur 2: Afname in totale beskikbare daggrade (dd) teenoor moontlike plantdatums gebaseer op 10 jaar se historiese data vir die Pongola-gebied.



"Saadkatoen-opbrengs word direk beïnvloed deur die daggrade (dd), oftewel "day degrees", ook bekend as grade hitte-eenhede (ghe), wat oor die seisoen vir die katoenplant beskikbaar is."

Vir die Pongola-gebied blyk die geskikte plantdatum vanaf 12 November te wees, met minimum temperature bo 16,5 °C. Na 21 November behoort temperature konstant bo 17,5 °C te wees, wat lyk na die geskikste plantvenster. Plant ná die einde van November veroorsaak dat die seisoen baie kort is en dat baie min daggrade vir katoen beskikbaar sal wees. Figuur 2 dui die dalende daggrade aan vanaf die plantvenster (laaste week in November, tot en met ongeveer 3 tot 5 Desember). Met 'n baie kort venster vir plant en dalende daggrade beskikbaar vir die seisoen, kan verwag word dat die oesopbrengs skerp sal daal.

Volgens MacCaskill daal die oesopbrengs vir die Loskop-gebied elke dag wat die produsent ná 15 November plant, met 1%. Figuur 2 toon duidelik hoe daggrade vir die Pongola-gebied afneem. Met 'n kort groeiseisoen beskikbaar, moet 'n kort en vinniggroeiende kultivar vir die gebied gekies word. Vir die besproeiingsprodusent is weerdata belangrik om die optimale plantdatum op sy betrokke plaas te bepaal, en om van die plantvenster gebruik te maak om 'n suksesvolle oesopbrengs te verseker. Produksiepraktyke soos plantdatum, vog, plantdigtheid, kunsmis en plaagbeheer, tesame met daggrade, sal die uiteindelike opbrengs bepaal.

Dankie aan Bonsucro vir die verskaffing van weerdata.

mahyco grow

DELTAPINE®

Mahyco Grow met die beste Deltapine® variëteite maak van die katoenboer ‘n top presteerder

DELTAPINE(R) -

DIE VARIËTEITE WAT NOG STEEDS TOP PRESTEER OP BESPROEIING, SOWEL AS DROËLANDOMSTANDIGHEDE:

DP 1541B2RF - Volseisoen, uitstaande opbrengste en kwaliteit, met hoë- veselpersentasie en goeie mikronêr

DP 1531B2RF - Mediumseisoen, uitstaande opbrengste en kwaliteit, met top veselpersentasie en goeie mikronêr

DP 1240B2RF - Volseisoen, uitstaande opbrengste en kwaliteit, met goeie velselpersentasie en goeie mikronêr

PM 3225B2RF - Volseisoen, uitstaande opbrengste en kwaliteit, goeie mikronêr, harige blaaroppvervlak teen bladspringers, uiters geskik vir handplukkleinboer

Delta 18RF - Toevlugsvariëteit, medium volseisoen, hoë opbrengs-potensiaal en goeie mikronêr.

SPINABILITY IN RELATION TO FIBRE QUALITY

by Gert Klindt and Calvin Knight, Cotton SA (shortened and amended article)

Fibre quality is affected by many controllable and uncontrollable interacting factors, i.e. variety, seasonal conditions, crop and harvest management, and ginning, which can determine whether the spinner's requirements are met. Fibre quality can be improved before delivering to mills through a better understanding of fibre structure and of the factors affecting quality; having access to improved varieties; optimal management of production in each climatic region; and management of fibre processing.

The industry's task is to optimise fibre quality by means of implementing an integrated fibre management (IFM) approach during each step, from strategic farm planning concerning variety choice and crop management to harvesting and ginning. Production programmes must be directed towards the improvement of quality by means of providing guidance and assurances in production, classing and ginning. The introduction of new technologies, instruments, research, extension programmes and information transfer will help to sustain an IFM programme.

The Uster high-volume instrument (HVI) 1000.

